

20 April

Eer die Boumeester

Skrifgedeelte: Hebreërs 3
Fokusgedeelte: Hebreërs 3:1-6

Êrens in jou omgewing staan daar sekerlik 'n mooi huis. Kyk 'n slag goed en met waardering na daardie huis. Iemand moes die meester agter daardie mooi bouwerk gewees het. As jy goed kyk na daardie huis kry, jy sommer baie respek vir die bouer.

Die kerk het 'n goeie boumeester met uitstaande kenmerke, Jesus Christus. Hy was as Boumeester tegelyk Apostel en Hoëpriester. Apostel beteken dat Jesus deur God gestuur is met die gesag om sy huis, sy kerk hier op aarde te bou. As Hoëpriester verteenwoordig Hy ons by God en offer Hy Homself met die doel om sy kerk só te bou dat Hy dit eendag sonder vlek of rimpel voor God in heerlijkheid kan stel.

Hou vas aan daardie hoop, want jy is deur jou opregte geloof ingemessel in die gebou waarvan Jesus die Boumeester is. Eer Hom deur dit as die hoogste eer te beskou om 'n lewende steen in sy huis te wees. Jesus wat *oor* die huis van God is, het vir elkeen *in* sy huis 'n taak. Van die een vra Hy sy liefde om 'n rystoel te stoot, van die ander om koppies te was, van nog 'n ander om iemand te besoek ... Geen taak in die gemeente is geringer as 'n ander nie.

Vervul uit eerbied vir Christus die taak wat by jou pas in sy gemeente. Dink groot van die Boumeester, Jesus Christus. Dink groot van sy bouwerk, die kerk. En dink groot oor jou taak in sy kerk.

Sing: Psalm 84:1

Ds. Daan Bakker (Boksburg)